KAIROS NETWERK
info@kairosnetwerk.net
www.kairosnetwerk.net
WhatsApp: 0822377793

LEES:
- **Psalm 11**
- **Jos. 6:1 – 5**
- **Mat. 4:19**
- **Mat. 28:19, 20**

Doliansie

Handleiding : Riglyne en Wenke

1. Wat beteken dit om te doleer?
2. Hoekom doleer?
3. Maak dit nog sin om te doleer?
4. Riglyne – algemeen
5. Riglyne – spesifiek
6. Wenke vir spesifieke situasies in gemeentes
   a) Kerkraad eenstemmig of meerderheid steun nie AS besluit
   b) Kerkraad verdeeld en/of neem nie besluit of ondersteun AS besluit

Verwysings:

Wat is Dolering?
Besluit deur kerkraad
Kennisgewing Dolering
Vloeidiagram vir Gesprekke

Die Moreleta Kairos Netwerk se web werf MEDIA https://kairosnetwerk.net/media/#

Doliansie

1. Wat beteken dit om te doleer?

Dit het al dikwels in die kerkgeskiedenis gebeur dat die kerk van die Skrif wegdwaal. Die reformasie (Martin Luther) is gebore uit die roeping om die kerk terug te lei na die Here se Woord alleen. Maar selfs na die reformasie het die kerk ook al weer van die Woord weggedwaal. Dit het byvoorbeeld in die Nederlandse kerkgeskiedenis gebeur. Dit is waarom daar in 1886, onder leiding van Abraham Kuyper, 'n beweging in die kerk ontstaan het "om te treur" oor die toestand in die kerk. Hierdie beweging het as die doleansie bekend gestaan. Gemeentes wat doleer het (getreur het), het bymekaar aangesluit om so, as dolerende gemeentes, die kerk terug te roep na die Woord alleen.

2. Hoekom doleer?

Die vraag is nou: Is die toestand in die NG Kerk, en spesifiek die Algemene Sinode se besluite, van so 'n aard dat ons daaroor moet treur (doleer)? Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons seker onsself afvra: Treur God oor die besluite wat geneem is? óf glimlag God oor die besluite wat geneem is? En om dié vraag te beantwoord, moet ons die een groot vraag vra: Is die besluite wat geneem is in gehoorsaamheid aan die Woord alleen? Of is die besluite geneem om almal te akkommodeer? Om almal gelukkig te hou? Om die mens ter wille te wees?

Om te doleer beteken glad nie om af te skei of te skeur van die kerk nie. Inteendeel! Dolering wil juis nie wegbreek nie, maar wil die kerk help om terug te keer na die Woord alleen. Om te treur oor die toestand in die kerk, is 'n noodroep na die kerk: Laat ons ons bekeer om opnuut te leef in gehoorsaamheid aan sy Woord alleen! Natuurlik wil niemand vir altyd bly treur nie – daarom beywer 'n gemeente (of ring of sinode) wat doleer hom daarvoor om die kerk tot bekering op te roep – terug na die Woord.

3. Maak dit nog sin om te doleer?

Opregte hartseer en begeleiding. Om die tragedie van die AS besluite maar ook die verloop van die prosesse wat dit voorafgegaan het te ignoreer, is om die werklikhede van hoe lidmate voel oor die NGK te ontken. Die doleer proses kan positief gebruik word om mense wat op die kantlyn staan te betrek maar ook die uitdagings vorentoe met nuwe ywer en energie aan te pak.

Eenheid te midde van verdeeldheid. Alhoewel elke gemeente se situasie verskil is die juis nou nodig dat die verskeurdheid veroorsaak deur die AS besluit juis nou vra vir eenheid van optrede. Eie belang is nou ondergeskik aan die groter belang. Lidmate, veral meer behoudende lidmate, wil weet waar die NGK oppad is.

Mobilisering vir 'n nuwe bedeling. Hoe meer gemeentes doleer, hoe sterker is die saak om eerstens die AS besluit om te draai of alternatiewelik, as daar wel 'n organiese skeuring kom, behoudende gemeentes ruimte skep om behoudende lidmate te ontvang as dat hulle verlore gaan vir die NGK.

Om te doleer is nie 'n gebeurtenis nie. Dit is 'n proses. Die media propageer oorvloedig net die een kant van die saak. Dit vorm menings en gedragspatrone. Die gewone lidmaat is nie toegerus

om daaroor standpunt in te neem en bv. kinders te begelei nie. Lidmate se geloof word aangetas en bevorder ook nie eenheid binne gemeente verband nie. Al is daar een stemmigheid dat die AS besluit nie aanvaarbaar is nie, vind gemeentes wat dolering as ‘n proses hanteer eerder as ‘n gebeurtenis, groot baat daarby. Die gesindheid waarmee die saak hanteer word is wesentlik belangrik en dra by tot geestelike groei. Dit is ook ‘n getuienis en leer geleentheid om die wesentlike waaroor die onskriftuurlike besluite gaan te kan verduidelik. Veral dat dit nie primêr gaan oor die sonde van selfdegeslag seksuele verhoudings nie maar oor die Skrif as God se Woord en die gesag van die Skrif. Die gesprek is veral ook belangrik om te besin hoe om lidmate wat sukkel met sondes in hulle lewens [nie net met selfdegeslag verhoudings], in liefde te begelei. Dit is waar dat dit nie nodig is om te doleer om voorafgaande te doen nie. Gemeentes wat deelneem aan die doleer proses leer by mekaar om talle van die kompleksiteite wat voorspruit uit die AS besluit en die aanslag van die media positief te hanteer as geleenthede.

4. Riglyne – algemeen

a. Daar bestaan geen kerkordelike bepalings oor dolering nie. Daar is dus geen voorskrifte oor wie mag doleer en wie nie. Daar is ook geen bepalings oor hoe jy moet doleer nie;
b. Dolering beteken dat eintlik maar net ons treur oor die kerk wat afvallig geraak het van die Woord en dat ons die kerk terugroep na die Woord;
c. Implikasie van bogenoemde twee punte is dat enige persoon kan doleer, maar wanneer ons doleer moet ons dit so doen dat terwyl ons die kerk tot bekering roep, ons nie self so optree dat ons aan die Woord ongehoorsaam word nie. Ons gesindheid is dus belangrik en ons optrede moet gefokus wees op die probleem wat ons wil aanspreek. In hierdie geval is dit die Algemene Sinode en die kerkvergaderings wat die Algemene Sinode se besluite ondersteun. (Maw. jy moenie die kat skop omdat die hond jou gebyt het nie);
d. 'n Gemeentelid het wel die reg om sy bydraes te spesifiseer en dus te vra dat dit uitsluitlik vir spesifieke doeleindes aangewend moet word. Die probleem is egter dat dit baie moeilik kontroleerbaar is, want die sinodale aanslag word gewoonlik betaal uit die bruto van gemeentefondse. Hoe sal n kerkraad nou kan waarborg dat een lidmaat se bydraes nie daarby ingesluit is nie?
e. Die weg wat baie gemeentes volg is om betalings direk aan verdienstelike instansies te maak wat nadeling deur die weerhouding van fondse geraak kan word. Soos bv. die CMR. ‘n Ander opsie wat oorweeg kan word is progressiewe vermindering van Bydraes, bv. verminder met eers 10%, daarna 50% en dan 100%.
f. Die beste en mees effektiewe wyse van dolering is dat 'n lidmaat wat so voel - ook ander lidmate wat saamstem, oortuig om druk op die kerkraad uit te oefen om as kerkraad te doleer;
g. Om te doleer is ‘n proses en nie ‘n gebeurtenis nie [Sien ook punt 6b]

5. Riglyne – spesifiek

'n Lidmaat of groep lidmate wat dolerend is, sou dalk die volgende kon doen:

a. Gee die kerkraad amptelik kennis van die besluit om te doleer asook die rede waarom jy doleer. Versoek die kerkraad dringend om ook oor te gaan tot dolering.
b. Versoek die kerkraad om 'n duidelike standpunt teen die Algemene Sinode se besluite in te neem en dit aan die gemeente en meerdere vergaderings bekend te maak.
c. Gee die kerkraad 'n billike tyd - bv 3 maande - om hul te distansieer van die sinode se besluite.

d. Gee kennis dat indien die kerkraad dit nie doen nie, dit aanvaar word dat die kerkraad ook daardie dwalinge ondersteun.
e. Gee kennis dat indien dit blyk dat die kerkraad hierdie dwaling ondersteun daar na verdere metodes gesoek sal word om ons persoonlik ook van die kerkraad se standpunt te distansieer.
f. Indien die kerkraad dus die dwaling ondersteun kan die lidmaat ook 'n leerstellige dispuut met sy kerkraad verklaar, en selfs kennis gee dat die suiwer Woordverkondiging van die gemeente nou in die gedrang is, en dat ons daarom verkies om eredienste in 'n ander gemeente of kerkgenootskap by te woon totdat die kerkraad wat toesighoudend is oor die prediking, hierdie dwaling erken en verwerp.
g. Besluit so stap vir stap wat die beste protes optrede in jul spesifieke omstandighede sal wees. Bid egter deurentyd om dit met die regte gesindheid te doen wat help om die kerk tot bekering te roep.

6. Wenke vir spesifieke situasies in gemeentes

a. Kerkraad eenstemmig of meerderheid steun nie AS besluit

Doliansie. Indien daar onsekerheid is wat doliansie beteken, kan inligtingstuk **Doliansie, wat is dit? [Bylaag A]** aan die kerkraad beskikbaar gestel word voor die KR vergadering.

Besluitneming. Sien voorbeelde van **Besluit van Kerkraad [Bylaag B]** wat aan die KR voorgelê kan word. Dit is verkieslik om, gegewe die gemeente se bepaalde omstandighede, die 'Besluit' so te formuleer dat die KR gemaklik is daarmee solank die wesentlike van doliansie nie verlore gaan nie.

Prosedure na besluit geneem is.

- Notuleer die Besluit.
- Gee kennis aan die belanghebbende partye, **Kennisgewing [Bylaag C].** Stuur die getekende goedgekeurde Besluit aan die Ring waaronder die gemeente val asook na die Streek Sinode en Algemene Sinode. Maak seker dat ontvangs erken word.
- Maak die Besluit aan die gemeente bekend asook die redes vir die Besluit asook die implikasies. Berei voor om die gemeente te bedien en te begelei in die proses. Vir die doel is daar meer as voldoende inligting beskikbaar op die Moreleta Kairos Netwerk se web werf:

  https://kairosnetwerk.net/media/

- Indien verdere ondersteuning benodig word kontak die MKN Doleer Werkgroep by

  info@kairosnetwerk.net

b. Kerkraad verdeeld en/of neem nie besluit of ondersteun AS besluit

Volg die Spesifieke Riglyne soos voorgestel [punt 5] en maak die dokumente beskikbaar aan die KR [Punt 6a]. Doen dit skriftelik en vra vir erkenning van ontvangs.

Die ervaring van behoudende lidmate wat deel is van hierdie groepering van gemeentes, kan die volgende wees:

- Eensydige lering wat net die AS besluit in positiewe lig stel;

- Uitgerekte gesprekvoering, individueeel of in groepe, om mekaar te probeer oortuig sonder ‘n verbintenis om stappe te neem wat kan lei tot besluitneming;
- Geen terugvoering op skrywes en versoeke word bloot geignoreer. Hou skriftelike rekords [Whatsapp en eposse] van alle versoeke asook waarop geantwoord was al dan nie;

Die lidmaat kan, oorweeg as tot die oortuiging gekom is dat die pogings om vordering te maak uitgeput is, kennis gee aan die KR dat gesprekke gevoer gaan word om lidmate in te lig oor ‘die ander kant van die saak’. Beskuldigings dat sulke optrede verdeeldheid veroorsaak is nie geldig nie. Die probleem het onstaan agv. die nie-skriftuurlike besluite van die AS asook die onwilligheid en/of onvermoë van die gemeenteleierskap om die gemeente in te lig.

Die lidmaat kan ook, uit eie oortuiging, besluit om as individu te doleer. Dit is uiteraard minder effektief.

Oorweeg om liewer die volgende proses te volg:

- Vorm ‘n Werkgroep van 3 tot 5 [of meer] lidmate en ‘ontmoet’ weekliks op ‘n ooreengekome tyd vir bv. een uur. Oorweeg Zoom. Meeste mense het geleer om gedurende die Covid 19 fase om dmv. Zoom of op soortgelyke media te ‘vergader’;
- Die doel van so ‘n Werkgroep kan die volgende wees: **Om lidmate te mobiliseer om te doleer deur mekaar te ondersteun, te bemoedig, om saam te besin en te bid oor die volgende**:
    - Hoeveel mense bereik moet/wil/kan word;
    - Naamlys [databasis] op te stel van lidmate waarmee die groep verhoudings het. Maak seker dat nie dupliseer;
    - Klaar die proses uit wat gevolg gaan word om verskillende situasies te hanteer as daar met lidmate in gesprek getree word. Verwys na **Vloeidiagram vir Gesprekke: Bylaag D**.
      Dit kan wees dat lidmate net oningelig is oor die saak tot diè wat weet waaroor dit gaan. **Dit is belangrik om te besef dat dit baie meer effektief is om inligting te voorsien as om lidmate te probeer oortuig.** Elkeen moet op grond van die Skrif en getuienisse en onder leiding van Heilige Gees self ‘n besluit neem. Geen besluit is ook ‘n besluit;
    - Beplan en besluit vooraf wat se inligting op watter stadium van die gesprek voorsien gaan word. Dit word hoofsaaklik bepaal deur die lidmaat se bereidwilligheid om te luister asook die mate waartoe hy/sy reeds ingelig is. Besoek die KN web werf se Media skakel vir inligting:

      https://kairosnetwerk.net/media/

      Dit sluit in geskrewe materiaal, video en audio hulpmiddels en inligtingstukke, lering/preke en getuienisse. Getuienisse van veral van ‘ex gays’ is baie effektief. Lang geskrewe studiestukke is oor die algemeen nie effektief nie omdat lidmate te besig is en nie tyd het om te lees nie;
    - Gaan voort om gemeente in te lig deur gebruik te maak van alle moontlike metodes en hulpmiddels beskikbaar. Sosiale media werk vir meeste die beste bv. Whatsapp;
    - Volg gereeld op. Bou verhoudings. Bemoedig mekaar. Bid gereeld saam;
    - Tree onberispelik op. 2 Kor. 6:3-7;

    - Vra diè wat positief is en daarvoor kans sien om weer dieselfde proses met ander te deurloop;
    - Doen weekliks verslag oor vordering;
    - Vorm ‘n gebedsondersteuningsgroep wat tipies weekliks op ‘n geskeduleerde tyd saam bid [Zoom];
    - Indien die KR nie gemaklik is waarmee besig is nie, bevestig dat mense nie oortuig word nie maar ingelig word om self besluite te kan neem oor die saak. En dat die proses om in te lig voortspruit uit die KR se onvermoë om die AS besluit gebalanseerd toe te lig. Die AS besluit maak dit inderdaad moontlik dat beide standpunte bekend gemaak kan en moet word;
- Doleansie sou bv. kon begin by weiering om eredienste by te woon wat gelei word deur leraars wat die gay-besluite ondersteun, onttrekking van sekere betrokkenheid by gemeente, en sekere gemeente byeenkomste, openlike verklarings in die elektroniese Kerkbode, en selfs weerhouding van sekere bydraes wat direk of indirek die on-Bybelse besluite sou instand hou;
- Deurgaans moet lidmate wat deelneem deur hul eie optrede probeer toon dat hulle steeds lojale lidmate van die NG Kerk wil bly en steeds hul plig as gelowiges wil nakom. So sou hulle bv. die Sondae wanneer hulle ‘protesteer’ steeds ander erdienste in naburige gemeente bywoon en nie net wegbly van samekoms van gelowiges nie. (Hebr 10:25-26);
- Wanneer die Werkgroep gereed is, nader die KR formeel en volg die Doleer stappe soos voorgestel onder punt 5. Dolering kan ook in fases gedoen word soos wat mense toegevoeg word.

KN Doleer Werkgroep/2020-09-30

Verwysings en hulpbronne:

Wat is Dolering?	[Inhoud Punt 7]	Bylaag A
Besluit deur kerkraad		Bylaag B
Kennisgewing Dolering		Bylaag C
Vloeidiagram vir Gesprekke		Bylaag D
Die Kairos Netwerk se web werf Media		https://kairosnetwerk.net/media/